"(5) **[If the Competition Tribunal may extend or reduce a *prescribed* period in terms of *this Act*, the]** The Chairperson of the Competition Tribunal, or another member of the Tribunal assigned by the Chairperson, sitting alone, may make an order of an interlocutory nature that, in the opinion of the Chairperson, does not warrant being heard by a panel comprised of three members, including—

*(a)* extending or reducing **[that period]** a *prescribed* period in terms of *this Act*; **[or]**

*(b)* condoning late performance of an act that is subject to **[that period]** a *prescribed* period in terms of *this Act*;

*(c)* granting access to information contemplated in sections 44 to 45A and any conditions that must be attached to the access order; and

*(d)* compelling discovery of documents.".

**Substitution of section 43A of Act 89 of 1998, as amended by section 6 of Act 1 of 2009**

**23.** The following section is hereby substituted for section 43A of the principal Act:

"**Interpretation and Application of this Chapter**

**43A.** (1) In this Chapter, "market inquiry" means a formal inquiry in respect of the general state of competition, the levels of concentration in and structure of a market for particular *goods or services*, without necessarily referring to the conduct or activities of any particular named *firm*.

(2) An adverse effect on competition is established if any feature, or combination of features, of a market for *goods or services* impedes, restricts or distorts competition in that market.

(3) Any reference to a feature of a market for *goods or services* includes—

*(a)* the structure of that market or any aspect of that structure, including:

(i) the level and trends of concentration and ownership in the market;

(ii) the barriers to entry in the market, the regulation of the market, including the instruments in place to foster transformation in the market and past or current advantage that is not due to the *respondent's* own commercial efforts or investment, such as direct or indirect state support for a *firm* or *firms* in the market;

*(b)* the outcomes observed in the market, including—

(i) levels of concentration and ownership;

(ii) prices, customer choice, the quality of *goods or services* and innovation;

(iii) employment;

(iv) entry into and exit from the market;

(v) the ability of national industries to compete in international markets;

*(c)* conduct, whether in or outside the market which is the subject of the inquiry, by a *firm* or *firms* that supply or acquire *goods or services* in the market concerned;

*(d)* conscious parallel or co-ordinated conduct by two or more *firms* in a concentrated market without the *firms* having an agreement between or among themselves; or

*(e)* conduct relating to the market which is the subject of the inquiry of any customers of *firms* who supply or acquire *goods or services*.".

*(c)* 'n lid van die paneel aanwys om voor te sit by die paneel se verrigtinge."; en

*(b)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) **[Indien die Mededingingstribunaal 'n *voorgeskrewe* tydperk ingevolge *hierdie Wet* kan verleng of verminder, kan die]** Die Voorsitter van die **[Tribunaal]** Mededingingstribunaal of ander lid van die Tribunaal deur die Voorsitter aangewys, alleen sittende, kan 'n bevel gee van 'n tussentydse aard wat, na mening van die Voorsitter, nie deur 'n paneel van drie lede aangehoor hoef te word nie, met inbegrip van—

*(a)* **[wat daardie tydperk verleng of verminder]** verlenging of vermindering van 'n *voorgeskrewe* tydperk ingevolge *hierdie Wet*; **[of]**

*(b)* **[wat]** kondonering van laat uitvoering van 'n handeling wat aan **[daardie]** 'n *voorgeskrewe* tydperk ingevolge *hierdie Wet* onderhewig is**[, kondoneer]**;

*(c)* toestaan van toegang tot inligting in artikels 44 tot 45A beoog en enige voorwaardes wat aan die toegangsbevel geheg moet word; en

*(d)* verpligte blootlegging van dokumente.".

**Vervanging van artikel 43A van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 1 van 2009**

**23.** Artikel 43A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Uitleg en toepassing van hierdie Hoofstuk**

**43A.** (1) In hierdie Hoofstuk beteken "markondersoek" 'n formele studie van die algemene stand van mededinging, die konsentrasievlakke in en struktuur van 'n mark vir bepaalde *goedere of dienste*, sonder noodwendige verwysing na die gedrag of aktiwiteite van enige bepaalde genoemde *firma*.

(2) 'n Nadelige uitwerking op mededinging word vasgestel indien enige kenmerk, of kombinasie van kenmerke, van 'n mark vir *goedere of dienste*, mededinging in daardie mark belemmer, beperk of verwring.

(3) Enige verwysing na 'n kenmerk van 'n mark vir *goedere of dienste* sluit in—

*(a)* die struktuur van daardie mark of enige aspek van daardie struktuur, met inbegrip van:
  - (i) die vlak en tendense van konsentrasie en eienaarskap in die mark;
  - (ii) hindernisse teen toetrede tot die mark, die regulering van die mark, met inbegrip van die instrumente wat in plek is om transformasie in die mark te bevorder en voordele in die verlede of die hede wat nie te wyte is aan die *respondent* se eie kommersiële inspanning of belegging nie, soos regstreekse of onregstreekse staatsondersteuning vir 'n *firma* of *firmas* in die mark;

*(b)* die gevolge in die mark waargeneem, met inbegrip van—
  - (i) vlakke van konsentrasie en eienaarskap;
  - (ii) pryse, klantekeuse, die kwaliteit van *goedere of dienste* en innovering;
  - (iii) indiensneming;
  - (iv) toetrede tot en uittrede uit die mark;
  - (v) die vermoë van nasionale nywerhede om aan internasionale markte deel te neem;

*(c)* gedrag, hetsy binne of buite die mark, wat die onderwerp van die ondersoek is, deur 'n *firma* of *firmas* wat *goedere of dienste* in die betrokke mark voorsien of verkry;

*(d)* bewustelike parallelle of gekoördineerde gedrag deur twee of meer *firmas* in 'n gekonsentreerde mark sonder dat die *firmas* 'n *ooreenkoms* tussen of met mekaar het; of

*(e)* gedrag betreffende die mark wat die onderwerp van die ondersoek van enige klante of *firmas* is wat *goedere of dienste* voorsien of verkry.".

**Amendment of section 43B of Act 89 of 1998, as amended by section 6 of Act 1 of 2009**

**24.** Section 43B of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**Initiating and conducting market inquiries**";

*(b)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) *(a)* The Competition Commission, acting within its functions set out in section 21(1), **[and on its own initiative, or in response to a request from the *Minister*,]** may conduct a market inquiry at any time, subject to subsections (2) to **[(4)]** (6)—

(i) if it has reason to believe that any feature or combination of features of a market for any *goods or services* **[prevents]** impedes, distorts or restricts competition within that market; or

(ii) to achieve the purposes of *this Act*.

*(b)* The *Minister* may, after consultation with the Competition Commission and after consideration of the factors in paragraph *(a)*(i) and (ii), require the Competition Commission to conduct a market inquiry contemplated in paragraph *(a)* during a specified period.";

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Competition Commission must, at least 20 business days before the commencement of a market inquiry, publish a notice in the *Gazette* announcing the establishment of the market inquiry, setting out the terms of reference for the market inquiry and inviting members of the public to provide **[information]** written representations to the market inquiry.";

*(d)* by the insertion after subsection (2) of the following subsections:

"(2A) Before publishing the notice referred to in subsection (2), the Competition Commission must notify and consult with the relevant *regulatory authority* if the intended market inquiry will investigate a sector over which the *regulatory authority* has jurisdiction in terms of any public regulation.

(2B) The Competition Commission must appoint a Deputy Commissioner referred to in section 23(2)*(b)* to chair a market inquiry and may appoint one or more additional suitably qualified persons to the panel that conducts the market inquiry.";

*(e)* by the insertion in subsection (3) after paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(cA)* Sections 49A(1), 52(2), 52(2A), 52(3), 55 and 56, read with the changes required by the context, apply to the conduct of a market inquiry, but for the purposes of this section, a reference in any of those sections to the Competition Tribunal, Chairperson of the Competition Tribunal or to a person 'presiding at a hearing' must be regarded as referring to the Competition Commission.";

*(f)* by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) For purposes of this Chapter—

*(a)* the Competition Commission may, within 20 business days of receipt of information claimed as confidential in terms of section 44(1), determine whether or not the information is *confidential information*;

*(b)* if the Competition Commission determines that the information is confidential, it may, within five business days, make an appropriate determination concerning access to that information by any person;

*(c)* before making the decision in paragraph *(a)* or *(b)*, the Competition Commission must give the party claiming the information to be confidential, notice of its intention to make its determination and consider the representations, if any, made to it by that person;

*(d)* any person aggrieved by the determination of the Competition Commission in terms of this subsection may within 15 business days of the determination, appeal against the determination to the Competition Tribunal.";

**Wysiging van artikel 43B van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 1 van 2009**

**24.** Artikel 43B van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**Inisiëring en doen van markondersoeke**”;

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) *(a)* Die Mededingingskommissie, handelend binne sy funksies uiteengesit in artikel 21(1), **[en op sy eie inisiatief, of in antwoord op ’n versoek van die *Minister*,]** kan te eniger tyd ’n markondersoek doen, behoudens subartikels (2) tot **[(4)]** (6)—

(i) indien hy rede het om te glo dat enige kenmerk of kombinasie van kenmerke van ’n mark vir enige *goedere of dienste* mededinging in daardie mark verhoed, verwring of beperk; of

(ii) om die oogmerke van *hierdie Wet* te bereik.

*(b)* Die *Minister*, ná oorleg met die Mededingingskommissie en ná oorweging van die faktore in subparagrawe *(a)*(i) en (ii), kan vereis dat die Mededingingskommissie ’n markondersoek beoog in paragraaf *(a)* binne ’n gespesifiseerde tydperk doen.”;

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die Mededingingskommissie moet, ten minste 20 besigheidsdae voor die aanvang van ’n markondersoek, ’n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer wat die instelling van ’n markondersoek aankondig, waarin die verwysingsraamwerk van die markondersoek uiteengesit word en waarin lede van die publiek genooi word om **[inligting]** skriftelike vertoë aan die markondersoek te verskaf.”;

*(d)* deur die volgende subartikels ná subartikel (2) in te voeg:

“(2A) Voor publikasie van die kennisgewing in subartikel (2) bedoel, moet die Mededingingskommissie die tersaaklike *regulerende owerheid* verwittig en raadpleeg indien die bedoelde markondersoek ’n sektor sal ondersoek waaroor die *regulerende owerheid* ingevolge enige openbare *regulasie* jurisdiksie het.

(2B) Die Mededingingskommissie moet ’n adjunkkommissaris in artikel 23(2)*(b)* bedoel, aanstel om voor te sit oor ’n markondersoek en kan een of meer bykomende persone met gepaste kwalifikasies aanstel op die paneel wat die markondersoek doen.”;

*(e)* deur die volgende paragraaf ná paragraaf *(c)* in subartikel (3) in te voeg:

“*(cA)* Artikels 49A(1), 52(2), 52(2A), 52(3), 55 en 56, gelees met die veranderinge deur die samehang vereis, is van toepassing op die doen van ’n markondersoek, maar by die toepassing van hierdie artikel moet ’n verwysing in enige van daardie artikels na die Mededingingstribunaal of ’n ‘persoon wat by ’n verhoor voorsit’, geag word ’n verwysing na die Mededingingskommissie te wees.”;

*(f)* deur die volgende subartikel ná subartikel (3) in te voeg:

“(3A) By toepassing van hierdie Hoofstuk—

*(a)* kan die Mededingingskommissie binne 20 sakedae vanaf ontvangs van die inligting wat volgens aanspraak ingevolge artikel 44(1) vertroulik is, bepaal hetsy die inligting vertroulik is al dan nie;

*(b)* indien die Mededingingskommissie bepaal dat die inligting vertroulik is, kan hy, binne vyf sakedae, ’n gepaste bepaling aangaande toegang tot daardie inligting deur enige persoon maak;

*(c)* voor die neem van die besluit in paragraaf *(a)* of *(b)*, moet die Mededingingskommissie die party wat daarop aanspraak maak dat die inligting vertroulik is, kennis gee van sy voorneme om ’n bepaling te maak en die vertoë, indien enige, deur daardie persoon daaraan gemaak, oorweeg;

*(d)* enige persoon wat te na gekom voel deur die bepaling van die Mededingingskommissie ingevolge hierdie subartikel, kan binne 15 sakedae vanaf die bepaling, by die Mededingingstribunaal teen die bepaling appelleer.”;

*(g)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) *(a)* The terms of reference required in terms of subsection (2) must include, at a minimum, a statement of the scope of the inquiry, and the time within which it is expected to be completed, which period may not exceed 18 months.

*(b)* The Competition Commission may apply to the *Minister* to extend for a reasonable period, the completion of a market inquiry beyond the period referred to in paragraph *(a)*."; and

*(h)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) **[The]** Subject to subsections (4) and (5), the Competition Commission must complete a market inquiry by publishing a report contemplated in **[section 43C]** sections 43D and 43E, within the time set out in the terms of reference **[contemplated]** referred to in subsection (2).".

**Repeal of section 43C of Act 89 of 1998**

**25.** Section 43C of the principal Act is hereby repealed.

**Insertion of sections 43C to 43G in Act 89 of 1998**

**26.** The following sections are hereby inserted after section 43B of the principal Act:

"**Matters to be decided at market inquiry**

**43C.** (1) In a market inquiry, the Competition Commission must decide—

*(a)* whether any feature, including structure and levels of concentration, of each relevant market for any *goods or services* impedes, restricts or distorts competition within that market; and

*(b)* on the procedures to be followed at the market inquiry.

(2) In making its decision in terms of subsection (1)*(a)*, the Competition Commission must have regard to the impact of the adverse effect on competition on *small and medium businesses*, or *firms* controlled or owned by historically disadvantaged persons.

(3) If the Competition Commission decides that there is an adverse effect on competition, it must determine—

*(a)* the action that must be taken in terms of section 43D;

*(b)* whether it must make recommendations to any Minister, *regulatory authority* or affected *firm* to take action to remedy, mitigate or prevent the adverse effect on competition;

*(c)* if any action must be taken in terms of paragraph *(b)*, the action that must be taken in respect of what must be remedied, mitigated or prevented.

(4) In determining the matters in subsection (3), the Competition Commission must have regard to the need to achieve as comprehensive a solution as is reasonable and practicable.

**Duty to remedy adverse effects on competition**

**43D.** (1) Subject to the provisions of any law, the Competition Commission may, in relation to each adverse effect on competition, take action to remedy, mitigate or prevent the adverse effect on competition.

(2) The action taken in terms of subsection (1) may include a recommendation by the Competition Commission to the Competition Tribunal in terms of section 60(2)*(c)*, and the Competition Tribunal may make an appropriate order in relation thereto.

(3) The decision of the Competition Commission in terms of subsection (1) must be consistent with the decisions of its report unless there has been a material change in circumstances since the preparation of the report or the Competition Commission has a justifiable reason for deciding differently.

*(g)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) *(a)* Die verwysingsraamwerk ingevolge subartikel (2) vereis moet insluit, as minimum, 'n verklaring van die omvang van die ondersoek en die verwagte tyd van afhandeling, welke tydperk nie meer as 18 maande mag wees nie.

*(b)* Die Mededingingskommissie kan by die *Minister* aansoek doen dat die afhandeling van 'n markondersoek met 'n redelike tydperk ná die tydperk bedoel in paragraaf *(a)* verleng word."; en

*(h)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) **[Die]** Behoudens subartikels (4) en (5), moet die Mededingingskommissie **[moet]** 'n markondersoek afhandel deur publikasie van 'n verslag in **[artikel 43C]** artikels 43D en 43E beoog, binne die tyd uiteengesit in die verwysingsraamwerk in subartikel (2) **[beoog]** bedoel.".

**Herroeping van artikel 43C van Wet 89 van 1998**

**25.** Artikel 43C van die Hoofwet word hierby herroep.

**Invoeging van artikels 43C to 43G in Wet 89 van 1998**

**26.** Die volgende artikels word hierby ná artikel 43B van die Hoofwet ingevoeg:

"**Aangeleenthede wat by markondersoek beslis staan te word**

**43C.** (1) In 'n markondersoek, moet die Mededingingskommissie beslis—

*(a)* hetsy enige kenmerk, met inbegrip van struktuur en vlakke van konsentrasie, van elke tersaaklike mark vir enige *goedere of dienste* mededinging binne daardie mark belemmer, beperk of verwring; en

*(b)* oor die prosedures wat by die markondersoek gevolg moet word.

(2) By die vel van sy beslissing ingevolge subartikel (1)*(a)*, moet die Mededingingskommissie die impak van die nadelige uitwerking op mededinging op *klein- en mediumsake* of *firmas* beheer of besit deur histories benadeelde persone, in gedagte hou.

(3) Indien die Mededingingskommissie beslis dat daar 'n nadelige uitwerking op mededinging is, moet hy—

*(a)* die stappe bepaal wat ingevolge artikel 43D gedoen moet word;

*(b)* bepaal hetsy hy aanbevelings by enige minister, *regulerende owerheid* of geraakte *firma* moet doen om stappe te doen om die nadelige uitwerking op mededinging te remedieer, te versag of te voorkom;

*(c)* indien enige stappe ingevolge paragraaf *(b)* gedoen moet word, die stappe bepaal wat gedoen moet word ten opsigte van wat geremedieer, versag of voorkom moet word.

(4) By die bepaling van die aangeleenthede in subartikel (3), moet die Mededingingskommissie poog om die mees omvattende oplossing wat redelik en prakties is, te bereik.

**Plig om nadelige uitwerking op mededinging te remedieer**

**43D.** (1) Behoudens die bepalings van enige wet, kan die Mededingingskommissie, in verband met elke nadelige uitwerking op mededinging, stappe doen om die nadelige uitwerking op mededinging te remedieer, te versag of te voorkom.

(2) Die stappe ingevolge subartikel (1) gedoen, kan 'n aanbeveling ingevolge artikel 60(2)*(c)* deur die Mededingingskommissie aan die Mededingingstribunaal insluit, en die Mededingingstribunaal kan 'n gepaste bevel in verband daarmee gee.

(3) Die beslissing van die Mededingingskommissie ingevolge subartikel (1) moet bestaanbaar wees met die beslissings van sy verslag tensy omstandighede wesenlik verander het sedert die verslag voorberei is of die Mededingingskommissie 'n regverdigbare rede het om anders te beslis.

(4) Any action in terms of subsection (1) must be reasonable and practicable, taking into account relevant factors, including—
*(a)* the nature and extent of the adverse effect on competition;
*(b)* the nature and extent of the remedial action;
*(c)* the relation between the adverse effect on competition and the remedial action;
*(d)* the likely effect of the remedial action on competition in the market that is the subject of the market inquiry and any related markets;
*(e)* the availability of less restrictive means to remedy, mitigate or prevent the adverse effect on competition; and
*(f)* any other relevant factor arising from any information obtained by the Competition Commission during the market inquiry.

**Outcome of market inquiry**

**43E.** (1) Upon completing a market inquiry, the Competition Commission must publish a report of the inquiry in the *Gazette*, and must submit the report to the *Minister* with recommendations, which may include, but are not limited to—
*(a)* recommendations for new or amended policy, legislation or *regulations*; and
*(b)* recommendations to other regulatory authorities in respect of competition matters.

(2) Section 21(3), read with the changes required by the context, applies to a report to the *Minister* in terms of subsection (1).

(3) On the basis of information obtained during a market inquiry, the Competition Commission may—
*(a)* initiate a complaint and enter into a consent order with any *respondent*, in accordance with section 49D, with or without conducting any further investigation;
*(b)* initiate a complaint against any *firm* for further investigation, in accordance with Part C of Chapter 5;
*(c)* initiate and refer a complaint directly to the Competition Tribunal without further investigation;
*(d)* take any other action within its powers in terms of *this Act* recommended in the report of the market inquiry; or
*(e)* take no further action.

(4) Before the completion of the market inquiry, the Competition Commission must take appropriate steps to communicate, and where necessary on a confidential basis, to any person who is materially affected by any provisional finding, decision, remedial action or recommendation of the market inquiry in terms of this section and call for comments from them.

(5) The Competition Commission must have regard to any further information or submissions received in terms of subsection (4) when deciding the action or making the recommendation in terms of section 43D(1) and (2).

**Appeals against decisions made under this Chapter**

**43F.** (1) The *Minister*, or any person referred to in section 43G(1) who is materially and adversely affected by the determination of the Competition Commission in terms of section 43D, may, within the *prescribed* period, appeal against that determination to the Competition Tribunal in accordance with the Rules of the Competition Tribunal.

(2) In determining an appeal in terms of subsection (1), the Competition Tribunal may—
*(a)* confirm the determination of the Competition Commission;
*(b)* amend or set aside the determination, in whole or in part; or
*(c)* make any determination or order that is appropriate in the circumstances.

(4) Enige stappe ingevolge subartikel (1) gedoen, moet redelik en prakties wees, met inagneming van tersaaklike faktore, met inbegrip van—
*(a)* die aard en omvang van die nadelige uitwerking op mededinging;
*(b)* die aard en omvang van die remediërende stappe;
*(c)* die verhouding tussen die nadelige uitwerking op mededinging en die remediërende stap;
*(d)* die waarskynlike uitwerking van die remediërende stappe op mededinging in die mark wat die onderwerp van die markondersoek is, en enige verwante markte;
*(e)* die beskikbaarheid van minder beperkende middele om die nadelige uitwerking op mededinging te remedieer, te versag of te voorkom; en
*(f)* enige ander tersaaklike faktor wat voortspruit uit enige inligting tydens die markondersoek deur die Mededingingskommissie verkry.

**Gevolg van markondersoek**

**43E.** (1) By afhandeling van 'n markondersoek, moet die Mededingingskommissie 'n verslag oor die ondersoek in die *Staatskoerant* publiseer, en moet die verslag met aanbevelings aan die *Minister* voorlê, wat kan insluit, maar nie beperk is nie tot—
*(a)* aanbevelings vir nuwe of gewysigde beleid, wetgewing of *regulasies*; en
*(b)* aanbevelings aan ander regulerende owerhede ten opsigte van mededingingsaangeleenthede.

(2) Artikel 21(3), gelees met die veranderinge deur die samehang vereis, is van toepassing op 'n verslag aan die *Minister* ingevolge subartikel (1).

(3) Op grond van inligting tydens 'n markondersoek verkry, kan die Mededingingskommissie—
*(a)* 'n klagte inisieer en 'n toestemmingsbevel met enige *respondent* aangaan, ooreenkomstig artikel 49D, deur of sonder om enige verdere ondersoek te doen;
*(b)* 'n klagte teen enige *firma* inisieer vir verdere ondersoek, ooreenkomstig Deel C van Hoofstuk 5;
*(c)* 'n klagte inisieer en sonder verdere ondersoek direk na die Mededingingstribunaal verwys;
*(d)* enige ander stap binne sy bevoegdhede ingevolge *hierdie Wet* doen soos in die verslag oor die markondersoek aanbeveel; of
*(e)* geen verdere stappe doen nie.

(4) Voordat 'n markondersoek afgehandel word, moet die Mededingingskommissie gepaste stappe doen om enige persoon wat wesenlik geraak word deur enige voorlopige bevinding, beslissing, remediërende stappe of aanbeveling van die markondersoek, te verwittig, en waar nodig op 'n vertroulike grondslag, van die markondersoek ingevolge hierdie artikel en kommentaar van hulle vra.

(5) Die Mededingingskommissie moet enige verdere inligting of voorleggings ingevolge subartikel (4) in ag neem wanneer besluit word oor die stappe of wanneer aanbevelings gedoen word ingevolge artikel 43D(1) en (2).

**Appèlle teen beslissings kragtens hierdie Hoofstuk gevel**

**43F.** (1) Die *Minister*, of enige persoon in artikel 43G(1) bedoel wat wesenlik en nadelig deur die bepaling van die Mededingingskommissie ingevolge artikel 43D geraak is, kan binne die *voorgeskrewe* tydperk teen die bepaling van die Mededingingstribunaal appelleer ooreenkomstig die Reëls van die Mededingingstribunaal.

(2) By die bepaling van 'n appèl ingevolge subartikel (1), kan die Mededingingstribunaal—
*(a)* die bepaling van die Mededingingskommissie bevestig;
*(b)* die bepaling wysig of tersyde stel, in die geheel of gedeeltelik; of
*(c)* enige bepaling maak of bevel gee wat onder die omstandighede gepas is.

(3) If the Competition Tribunal sets aside the decision of the Competition Commission, in whole or in part, it may remit the matter, or part of the matter, to the Competition Commission for further inquiry in terms of this Chapter.

(4) Any remittal to the Competition Commission in terms of subsection (3) must be completed within six months from the date of the order of the Competition Tribunal.

(5) The Competition Tribunal may, on good cause shown, extend the period referred to in subsection (4) for one further period of six months.

(6) Any person referred to in subsection (1) who is aggrieved by a determination or order of the Competition Tribunal in terms of subsection (2) may appeal against that determination or order to the Competition Appeal Court.

**Participation in and representations to market inquiry**

**43G.** (1) In accordance with the procedures adopted by the inquiry, the following persons may participate in a market inquiry—

*(a)* *firms*, including *small and medium businesses*, in the market that is the subject of the inquiry;

*(b)* any *registered trade union* that represents a substantial number of employees or the employees or representatives of the employees if there are no *registered trade unions* at the *firms* referred to in paragraph *(a)*;

*(c)* officials and staff of the Competition Commission or witnesses, who in the opinion of the Commission, would substantially assist with the work of the inquiry;

*(d)* a *regulatory authority* referred to in section 82(1);

*(e)* the *Minister*;

*(f)* at the request of the *Minister*, any Minister responsible for the sector that includes, or is materially affected by, the market that is the subject of the inquiry; and

*(g)* any other person—

(i) who has a material interest in the market inquiry;

(ii) whose interest is, in the opinion of the Competition Commission, not adequately represented by another participant; and

(iii) who would, in the opinion of the Competition Commission, substantially assist with the work of the inquiry.

(2) The Competition Commission must take reasonable steps to promote the participation of *small and medium businesses*, who have a material interest in the inquiry and are, in the opinion of the Competition Commission, not adequately represented.

(3) Subject to the procedures and time periods adopted for the inquiry, any person may make representations to the market inquiry on any issue related to the terms of reference published in terms of section 43B(2).

(4) Subject to the procedures and time periods adopted for the inquiry, participants referred to in subsection (1) may be required to respond to surveys and questionnaires, requests for information and submissions issued by the Commission.''.

**Amendment of section 44 of Act 89 of 1998, as substituted by section 15 of Act 39 of 2000**

**27.** Section 44 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) From the time information comes into the possession of the Competition Commission, Competition Tribunal or *Minister* until a final determination has been made concerning that information, the Commission, Tribunal and *Minister* must treat as confidential, any information that is the subject of a claim in terms of this section.'';

(3) Indien die Mededingingstribunaal die beslissing van die Mededingingskommissie tersyde stel, in die geheel of gedeeltelik, kan hy die aangeleentheid, of deel van die aangeleentheid, na die Mededingingskommissie terugverwys vir verdere ondersoek ingevolge hierdie Hoofstuk.

(4) Enige terugverwysing na die Mededingingskommissie ingevolge subartikel (3), moet binne ses maande vanaf die datum van die bevel van die Mededingingstribunaal afgehandel wees.

(5) Die Mededingingstribunaal kan, by die aanvoer van goeie gronde, die tydperk in subartikel (4) bedoel met een verdere tydperk van ses maande verleng.

(6) Enige persoon in subartikel (1) bedoel wat te na gekom voel deur 'n bepaling of bevel van die Mededingingstribunaal ingevolge subartikel (2), kan by die Appèlhof vir Mededinging teen daardie bepaling of bevel appelleer.

**Deelname en vertoë aan markondersoek**

**43G.** (1) Ooreenkomstig die prosedures in die ondersoek gevolg, kan die volgende persone aan 'n markondersoek deelneem:

*(a)* *firmas*, met inbegrip van *klein- en mediumsake* in die mark wat die onderwerp van die ondersoek is;
*(b)* enige *geregistreerde vakbond* wat 'n wesenlike getal werknemers, of die werknemers of verteenwoordigers van die werknemers indien daar geen geregistreerde vakbonde by die *firmas* bedoel in paragraaf *(a)* is nie, verteenwoordig;
*(c)* beamptes en personeel van die Mededingingskommissie of getuies, wat na mening van die Kommissie wesenlik sal help met die werk van die ondersoek;
*(d)* 'n *regulerende owerheid* in artikel 82(1) bedoel;
*(e)* die *Minister*;
*(f)* op versoek van die *Minister*, enige minister verantwoordelik vir die sektor wat die mark wat die onderwerp van die ondersoek is, insluit of wesenlik geraak word deur die mark wat die onderwerp van die ondersoek is; en
*(g)* enigiemand anders—
  (i) wat 'n wesenlike belang by die markondersoek het;
  (ii) wie se belang, na mening van die Mededingingskommissie, nie voldoende deur 'n ander deelnemer verteenwoordig word nie; en
  (iii) wat, na mening van die Mededingingskommissie, wesenlik sal help met die werk van die ondersoek.

(2) Die Mededingingskommissie moet redelike stappe doen om die deelname van *klein- en mediumsake* te bevorder wat 'n wesenlike belang by die ondersoek het en wat, na mening van die Mededingingskommissie, nie voldoende verteenwoordig word nie.

(3) Behoudens die prosedures en tydperke vir die ondersoek aangeneem, kan enigiemand vertoë aan die markondersoek rig oor enige kwessie wat verband hou met die opdrag ingevolge artikel 43B(2) gepubliseer.

(4) Behoudens die prosedures en tydperke vir die ondersoek aangeneem, kan van die deelnemers in subartikel (1) bedoel, vereis word om te antwoord op opnames en vraelyste, versoeke vir inligting en voorleggings deur die Kommissie uitgereik.''.

**Wysiging van artikel 44 van Wet 89 van 1998, soos vervang deur artikel 15 van Wet 39 van 2000**

**27.** Artikel 44 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Van die tyd wanneer inligting in besit van die Mededingingskommissie, Mededingingstribunaal of *Minister* kom totdat 'n finale beslissing oor daardie inligting gemaak is, moet die Kommissie, Tribunaal en *Minister* enige inligting wat aan 'n aanspraak ingevolge hierdie artikel onderhewig is, as vertroulik hanteer.'';

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) In respect of information submitted to the Competition Commission, the Competition Commission may—

*(a)* determine whether the information is *confidential information*; and

*(b)* if it finds that the information is confidential, make any appropriate determination concerning access to that information."; and

*(c)* by the addition after subsection (3) of the following subsections:

"(4) The Competition Commission may not make a determination in terms of subsection (3) before it has given the claimant the *prescribed* notice of its intention to make the determination and has considered the claimant's representations, if any.

(5) A person contemplated in subsection (1) who is aggrieved by the determination of the Competition Commission in terms of subsection (3) may, within the *prescribed* period of the Commission's decision, refer the decision to the Competition Tribunal.

(6) The Competition Tribunal may confirm or substitute the Competition Commission's determination or substitute it with another appropriate ruling.

(7) In respect of *confidential information* submitted to the Competition Tribunal, the Tribunal may—

*(a)* determine whether the information is *confidential information*; and

*(b)* if it finds that the information is confidential, make any appropriate determination concerning access to that information.

(8) A person aggrieved by the ruling of the Competition Tribunal in terms of subsection (6) or (7) may, within the *prescribed* period and in accordance with the Competition Appeal Court's rules—

*(a)* refer the Tribunal's ruling to the Competition Appeal Court, if the Tribunal grants leave to appeal; and

*(b)* petition the President of the Competition Appeal Court for leave to refer the Tribunal's ruling to the Competition Appeal Court, if the Tribunal refuses leave to appeal.

(9) Unless the Competition Commission, Competition Tribunal or Competition Appeal Court holds' otherwise, an appropriate determination concerning access to *confidential information* includes the disclosure of the information to the legal representatives and economic advisors of the person seeking access—

*(a)* in a manner determined by the circumstances; and

*(b)* subject to the provision of appropriate confidentiality undertakings.".

**Substitution of section 45 of Act 89 of 1998**

**28.** The following section is hereby substituted for section 45 of the principal Act:

"**Disclosure of information**

**45.** (1) A person who seeks access to information that is subject to a claim or determination that it is *confidential information* may apply to the Competition Tribunal in the prescribed manner and form, and the Competition Tribunal may—

*(a)* determine whether or not the information is *confidential information*; and

*(b)* if it finds that the information is confidential, make any appropriate order concerning access to that *confidential information*.

(2) **[Within 10 business days after an order of the Competition Tribunal is made in terms of section 44(3), a party concerned may appeal against that decision to the Competition Appeal Court, subject to its rules]** The provisions of section 44 (8), read with the changes required by the context, apply to the application referred to in subsection (1).

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Ten opsigte van inligting aan die Mededingingskommissie voorgelê, kan die Mededingingskommissie—

*(a)* bepaal of die inligting *vertroulike inligting* is; en

*(b)* indien die Kommissie bevind dat die inligting vertroulik is, enige gepaste bepaling oor toegang tot daardie inligting maak."; en

*(c)* deur die volgende subartikels ná subartikel (3) by te voeg:

"(4) Die Mededingingskommissie kan nie 'n bepaling ingevolge subartikel (3) maak voordat hy die eiser die *voorgeskrewe* kennis gegee het van sy voorneme om die bepaling te maak en die eiser se vertoë, indien enige, oorweeg het nie.

(5) 'n Persoon in subartikel (1) beoog wat te na gekom voel deur die bepaling van die Mededingingskommissie ingevolge subartikel (3) kan, binne die *voorgeskrewe* tydperk van die Kommissie se beslissing, die beslissing na die Mededingingstribunaal verwys.

(6) Die Mededingingstribunaal kan die Mededingingskommissie se bepaling bevestig of vervang of dit met 'n ander gepaste uitspraak vervang.

(7) Ten opsigte van *vertroulike inligting* aan die Mededingingstribunaal voorgelê, kan die Tribunaal—

*(a)* bepaal hetsy die inligting *vertroulike inligting* is; en

*(b)* indien hy bevind dat die inligting vertroulik is, enige gepaste bepaling aangaande toegang tot daardie inligting maak.

(8) 'n Persoon wat te na gekom voel deur die uitspraak van die Mededingingstribunaal ingevolge subartikels (6) of (7) kan, binne die *voorgeskrewe* tydperk en ooreenkomstig die Appèlhof vir Mededinging se reëls—

*(a)* die Tribunaal se uitspraak na die Appèlhof vir Mededinging verwys, indien die Tribunaal verlof tot appèl toestaan; en

*(b)* 'n versoekskrif aan die president van die Appèlhof vir Mededinging rig vir verlof om die Tribunaal se uitspraak na die Appèlhof vir Mededinging te verwys, indien die Tribunaal verlof tot appèl weier.

(9) Tensy die Mededingingskommissie, Mededingingstribunaal of Appèlhof vir Mededinging anders bevind, sluit 'n gepaste bepaling aangaande toegang tot *vertroulike inligting* die bekendmaking van die inligting aan regsverteenwoordigers en ekonomiese adviseurs van die persoon wat toegang verlang, in—

*(a)* op 'n wyse deur die omstandighede bepaal; en

*(b)* behoudens die voorsiening van gepaste vertroulikheidsondernemings.".

**Vervanging van artikel 45 van Wet 89 van 1998**

**28.** Die volgende artikel word hierby deur artikel 45 van die Hoofwet vervang:

"**Bekendmaking van inligting**

**45.** (1) 'n Persoon wat toegang tot inligting versoek wat onderhewig is aan 'n aanspraak of bepaling dat dit *vertroulike inligting* is, kan op die *voorgeskrewe* wyse en in die *voorgeskrewe* vorm by die Mededingingstribunaal aansoek doen en die Mededingingstribunaal kan—

*(a)* bepaal of die inligting vertroulike inligting is of nie; en

*(b)* indien hy bevind dat die inligting vertroulik is, enige toepaslike bevel gee rakende toegang tot daardie *vertroulike inligting*.

(2) **[Binne 10 besigheidsdae nadat 'n bevel van die Mededingingstribunaal ingevolge artikel 44(3) gegee is, kan 'n betrokke party teen daardie beslissing na die Appèlhof vir Mededinging appelleer, behoudens sy reëls]** Die bepalings van artikel 44(8), gelees met die veranderinge deur die samehang vereis, is van toepassing op die aansoek in subartikel (1) bedoel.

(3) **[From the time information comes into the possession of the Competition Commission or Competition Tribunal until a final determination has been made concerning it, the Commission and Tribunal must treat as confidential, any information that—**

***(a)*** **the Competition Tribunal has determined is *confidential information*; or**

***(b)*** **is the subject of a claim in terms of this section]** Subject to section 44(2) and for the purposes of their *participation* in proceedings contemplated in *this Act*, including merger proceedings—

*(a)* the *Minister* may have access to a *firm's confidential information*, which information may only be used for the purposes of *this Act* unless required to be disclosed in terms of any other law or the *Minister* has reasonable grounds to believe the information discloses a potential criminal offence; and

*(b)* any other relevant Minister and any relevant *regulatory authority* may have access to a *firm's confidential information* unless the Tribunal determines otherwise, which information may only be used for the purposes of *this Act* unless required to be disclosed in terms of any other law or the Minister has reasonable grounds to believe the information discloses a potential criminal offence.

(4) Once a final determination has been made concerning any information, it is confidential only to the extent that it has been accepted to be *confidential information* by the Competition Tribunal or the Competition Appeal Court.''.

**Amendment of section 49D of Act 89 of 1998, as inserted by section 15 of Act 39 of 2000**

**29.** Section 49D of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) If, during, on or after the completion of the investigation of a complaint or a market inquiry, the Competition Commission and the *respondent*, or any person that is the subject of action by the Competition Commission in terms of section 43E, agree on the terms of an appropriate order, the Competition Tribunal, without hearing any evidence, may confirm that *agreement* as a consent order in terms of section 58(1)*(b)*.''.

**Insertion of section 49E in Act 89 of 1998**

**30.** The following section is hereby inserted after section 49D of the principal Act:

''**Leniency**

**49E.** (1) The Competition Commission must develop, and publish in the *Gazette*, a policy on leniency, including the types of leniency that may be granted, criteria for granting leniency, the procedures to apply for leniency and the possible conditions that may be attached to a decision to grant leniency.

(2) The Competition Commission may grant leniency, with or without conditions, in terms of its leniency policy.''.

**Amendment of section 54 of Act 89 of 1998, as amended by section 15 of Act 39 of 2000**

**31.** Section 54 of the principal Act is hereby amended by the insertion after paragraph *(d)* of the following paragraph:

''*(d*A) amend or withdraw any direction or summons referred to in subsection *(a)*, *(c)* or *(d)*;''.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(3) **[Vanaf die tydstip waarop inligting tot die beskikking van die Mededingingskommissie of Mededingingstribunaal kom totdat 'n finale beslissing met betrekking daartoe gemaak is, moet die Kommissie en die Tribunaal enige inligting as vertroulik hanteer wat—**

***(a)*** **deur die Mededingingstribunaal as *vertroulike inligting* bevind is; of**

***(b)*** **die onderwerp van 'n aanspraak ingevolge hierdie artikel is]** Behoudens artikel 44(2) en vir die doeleindes van hul *deelname* aan verrigtinge in *hierdie Wet* beoog, met inbegrip van samesmeltingsverrigtinge—

*(a)* kan die *Minister* toegang tot 'n *firma* se *vertroulike inligting* hê, welke inligting slegs vir die doeleindes van *hierdie Wet* gebruik mag word tensy dit ingevolge enige ander wet bekend gemaak moet word of indien die *Minister* redelike gronde het om te glo dat die inligting 'n potensiële strafregtelike misdryf ontbloot; en

*(b)* enige ander tersaaklike Minister en enige tersaaklike *regulerende owerheid* kan toegang tot 'n *firma* se *vertroulike inligting* kry tensy die Tribunaal anders bepaal, welke inligting slegs vir die doeleindes van *hierdie Wet* gebruik mag word tensy dit ingevolge enige ander wet bekend gemaak moet word of as die Minister redelike gronde het om te glo dat die inligting 'n potensiële strafregtelike misdryf ontbloot.

(4) Wanneer 'n finale beslissing rakende enige inligting gemaak is, is dit slegs vertroulik in die mate wat die Mededingingstribunaal of die Appèlhof vir Mededinging dit as *vertroulike inligting* aanvaar het.''.

**Wysiging van artikel 49D van Wet 89 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 15 van Wet 39 van 2000**

**29.** Artikel 49D van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Indien, gedurende, by of na die afhandeling van die ondersoek van 'n klagte of 'n markondersoek, die Mededingingskommissie en die *respondent*, of enige persoon wat die onderwerp van stappe deur die Mededingingskommissie ingevolge artikel 43E is, saamstem oor die bepalings van 'n toepaslike bevel, kan die Mededingingstribunaal, sonder om enige getuienis aan te hoor, daardie *ooreenkoms* as 'n toestemmingsbevel ingevolge artikel 58(1)*(b)* bekragtig.''.

**Invoeging van artikel 49E in Wet 89 van 1998**

**30.** Die volgende artikel word hierby ná artikel 49D van die Hoofwet ingevoeg:

''**Toegeeflikheid**

**49E.** (1) Die Mededingingskommissie moet 'n beleid oor toegeeflikheid ontwikkel en in die *Staatskoerant* publiseer, met inbegrip van die tipes toegeeflikheid wat toegestaan kan word, maatstawwe vir die toestaan van toegeeflikheid en die moontlike voorwaardes wat aan 'n besluit om toegeeflikheid toe te staan, geheg kan word.

(2) Die Mededingingskommissie kan toegeeflikheid toestaan, met of sonder voorwaardes, ingevolge sy toegeeflikheidsbeleid.''.

**Wysiging van artikel 54 van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 39 van 2000**

**31.** Artikel 54 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf ná paragraaf *(d)* in te voeg:

''*(d*A) enige opdrag of dagvaarding bedoel in subartikel *(a)*, *(c)* of *(d)*, wysig of intrek;''.

**Amendment of section 58 of Act 89 of 1998, as amended by section 15 of Act 39 of 2000 and section 9 of Act 1 of 2009**

**32.** Section 58 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1)*(a)* for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"make an appropriate order in relation to a *prohibited practice* or an appeal referred to in section 43F, including—"; and

*(b)* by the substitution in subsection (1)*(c)* for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"subject to sections 13(6) **[and]**, 14(2) and 43B(4)*(b)*, condone, on good cause shown, any non-compliance of—".

**Amendment of section 59 of Act 89 of 1998, as amended by section 10 of Act 1 of 2009**

**33.** Section 59 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* for a *prohibited practice* in terms of section **[4(1)*(b)*, 5(2) or 8*(a)*, *(b)* or *(d)*]** 4(1), 5(1) and (2), 8(1), 8(4), 9(1) or 9(1A);";

*(b)* by the deletion of paragraph *(b)*;

*(c)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) An administrative penalty imposed in terms of subsection (1) may not exceed 25 per cent of the *firm's* annual turnover in the Republic and its exports from the Republic during the *firm's* preceding financial year if the conduct is substantially a repeat by the same *firm* of conduct previously found by the Competition Tribunal to be a *prohibited practice*.";

*(d)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) When determining an appropriate penalty, the Competition Tribunal must consider the following factors:

*(a)* the nature, duration, gravity and extent of the contravention;
*(b)* any loss or damage suffered as a result of the contravention;
*(c)* the behaviour of the *respondent*;
*(d)* the market circumstances in which the contravention took place, including whether, and to what extent, the contravention had an impact upon *small and medium businesses* and *firms* owned or controlled by historically disadvantaged persons;
*(e)* the level of profit derived from the contravention;
*(f)* the degree to which the *respondent* has co-operated with the Competition Commission and the Competition Tribunal; **[and]**
*(g)* whether the *respondent* has previously been found in contravention of *this Act*; and
*(h)* whether the conduct has previously been found to be a contravention of *this Act* or is substantially the same as conduct regarding which Guidelines have been issued by the Competition Commission in terms of section 79."; and

*(e)* by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) In determining the extent of the administrative penalty to be imposed, the Competition Tribunal may—

*(a)* increase the administrative penalty referred to in subsections (2) and (2A) to include the turnover of any *firm* or *firms* that control the *respondent*, where the controlling *firm* or *firms* knew or should reasonably have known that the *respondent* was engaging in the prohibited conduct; and
*(b)* on notice to the controlling *firm* or *firms*, order that the controlling *firm* or *firms* be jointly and severally liable for the payment of the administrative penalty imposed.".

**Wysiging van artikel 58 van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 15 in Wet 39 van 2000 en artikel 9 van Wet 1 van 2009**

**32.** Artikel 58 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1)*(a)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“ ’n toepaslike bevel met betrekking tot ’n *verbode praktyk* of ’n appèl bedoel in artikel 43F gee, met inbegrip daarvan om—”; en

*(b)* deur in subartikel (1)*(c)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“behoudens artikels 13(6) **[en]**, 14(2) en 43B(4)*(b)*, op goeie grond aangetoon, enige nie-voldoening aan—”.

**Wysiging van artikel 59 van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 1 van 2009**

**33.** Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* vir ’n *verbode praktyk* ingevolge artikel **[4(1)*(b)*, 5(2), 8*(a)*, *(b)* of *(d)*]** 4(1), 5(1) en (2), 8(1), 8(4), 9(1) of 9(1A);”;

*(b)* deur paragraaf *(b)* te skrap;

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2A) ’n Administratiewe boete ingevolge subartikel (1) opgelê, mag nie 25 persent van die *firma* se jaarlikse omset in die Republiek en die *firma* se uitvoere uit die Republiek tydens die *firma* se voorafgaande boekjaar oorskry nie indien die gedrag wesenlik ’n herhaling deur dieselfde *firma* is van gedrag wat voorheen deur die Mededingingstribunaal bevind is ’n *verbode praktyk* te wees.”;

*(d)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Wanneer ’n toepaslike boete deur die Mededingingstribunaal bepaal word, moet hy die volgende faktore oorweeg:

*(a)* Die aard, duur, erns en omvang van die oortreding;

*(b)* enige verlies of skade gely as gevolg van die oortreding;

*(c)* die gedrag van die *respondent*;

*(d)* die markomstandighede waarin die oortreding plaasgevind het, met inbegrip van hetsy, en tot welke mate, die oortreding ’n impak het op *klein- en mediumsake* en *firmas* deur histories benadeelde persone besit en beheer;

*(e)* die vlak van wins uit die oortreding verkry;

*(f)* die graad waarin die *respondent* met die Mededingingskommissie en die Mededingingstribunaal saamgewerk het; **[en]**

*(g)* of voorheen bevind is dat die *respondent hierdie Wet* oortree het; en

*(h)* of die gedrag wat voorheen bevind is in stryd met *hierdie Wet* te wees, wesenlik dieselfde is as gedrag waaroor riglyne ingevolge artikel 79 deur die Mededingingskommissie uitgereik is.”; en

*(e)* deur die volgende subartikel ná subartikel (3) in te voeg:

“(3A) By die bepaling van die omvang van die administratiewe boete wat opgelê staan te word, kan die Mededingingskommissie—

*(a)* die administratiewe boete in subartikels (2) en (2A) bedoel verhoog om die omset van enige *firma* of *firmas* wat die *respondent* beheer, in te sluit, waar die beherende *firma* of *firmas* geweet het of redelikerwys moes geweet het dat die *respondent* met die verbode gedrag besig was; en

*(b)* by kennisgewing aan die beherende *firma* of *firmas*, beveel dat die beherende *firma* of *firmas* gesamentlik of afsonderlik vir betaling van die opgelegde administratiewe boete aanspreeklik is.”.

**Amendment of section 60 of Act 89 of 1998, as amended by section 15 of Act 39 of 2000**

**34.** Section 60 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* the *prohibited practice*—

(i) cannot adequately be remedied in terms of another provision of *this Act*; **[or]**

(ii) is substantially a repeat by that *firm* of conduct previously found by the Tribunal to be a *prohibited practice***[.]**; or";

*(b)* by the addition in subsection (2) of the following paragraph:

"*(c)* after a market inquiry conducted in terms of Chapter 4A, the Competition Commission finds that there is an adverse effect on competition in the relevant market and makes a recommendation to the Competition Tribunal that such an order is appropriate.";

*(c)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) An order made by the Competition Tribunal in terms of subsection (2), except an order made in terms of section 43D(2), is of no force or effect unless confirmed by the Competition Appeal Court."; and

*(d)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) An order made in terms of subsection (1) or (2) may set a time for compliance, and any other terms that the Competition Tribunal considers appropriate, having regard to the commercial interests of the party concerned and the purposes of *this Act*.".

**Amendment of section 62 of Act 89 of 1998, as amended by section 15 of Act 39 of 2000**

**35.** Section 62 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) Despite subsections (1)*(a)* and (2)*(b)*, neither the Competition Tribunal nor the Competition Appeal Court has jurisdiction over matters regulated by section 18A, except section 18A(14)."; and

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) An appeal from a decision of the Competition Appeal Court in respect of a matter within its jurisdiction in terms of subsection (2) lies to the **[Supreme Court of Appeal or]** Constitutional Court, subject to section 63 and **[their]** its respective rules.".

**Amendment of section 63 of Act 89 of 1998, as amended by section 15 of Act 39 of 2000**

**36.** Section 63 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) **[An]** Subject to the Constitution and despite any other law, an appeal in terms of section 62(4) may be brought to the **[Supreme Court of Appeal or, if it concerns a constitutional matter, to the Constitutional Court, only—**

***(a)* with leave of the Competition Appeal Court; or**

***(b)* if the Competition Appeal Court refuses leave, with the leave of the Supreme Court of Appeal or the Constitutional Court, as the case may be]** Constitutional Court with the leave of the Constitutional Court.";

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If the Competition Appeal Court, when refusing leave to appeal, made an order of costs against the applicant, **[the Supreme Court of Appeal or]** the Constitutional Court may vary that order on granting leave to appeal."; and

*(c)* by the deletion of subsections (7) and (8).

**Wysiging van artikel 60 van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 39 van 2000**

**34.** Artikel 60 van die Hoofwet word hierby vervang—

*(a)* deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(b)* die *verbode praktyk*—

(i) nie genoegsaam ingevolge enige ander bepaling van *hierdie Wet* goedgemaak kan word nie; **[of]**

(ii) wesenlik ’n herhaling is deur daardie *firma* van optrede wat voorheen deur die Tribunaal bevind is ’n *verbode praktyk* te wees**[.]**; of”;

*(b)* deur die volgende paragraaf in subartikel (2) by te voeg:

“*(c)* die Mededingingskommissie ná ’n markondersoek ingevolge Hoofstuk 4A gedoen, bevind dat daar ’n nadelige uitwerking op mededinging in die tersaaklike mark is en ’n aanbeveling aan die Mededingingstribunaal doen dat sodanige bevel gepas is.”;

*(c)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) ’n Bevel deur die Mededingingstribunaal ingevolge subartikel (2) gegee, met uitsondering van ’n bevel ingevolge subartikel 43D(2) gegee, is van nul en gener waarde tensy dit deur die Appèlhof vir Mededinging bekragtig is.”; en

*(d)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) ’n Bevel ingevolge subartikel (1) of (2) gegee, kan ’n tyd vir nakoming stel, en enige ander voorwaardes wat die Mededingingstribunaal toepaslik vind, met inagneming van die handelsbelange van die betrokke party en die doeleindes van *hierdie Wet*.”.

**Wysiging van artikel 62 van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 39 van 2000**

**35.** Artikel 62 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende subartikel ná subartikel (2) in te voeg:

“(2A) Ondanks subartikels (1)*(a)* en (2)*(b)*, het nóg die Mededingingstribunaal nóg die Appèlhof vir Mededinging jurisdiksie oor aangeleenthede wat by artikel 18A gereël word, met uitsondering van artikel 18A(14).”; en

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) ’n Appèl teen ’n beslissing van die Appèlhof vir Mededinging ten opsigte van ’n aangeleentheid binne sy regsbevoegdheid ingevolge subartikel (2), berus by die **[Hoogste Hof van Appèl of]** Konstitusionele Hof, behoudens artikel 63 en **[hul]** sy onderskeie reëls.”.

**Wysiging van artikel 63 van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 39 van 2000**

**36.** Artikel 63 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Behoudens die Grondwet en ondanks enige ander wetsbepaling, kan ’n **[Appèl]** appèl ingevolge artikel 62(4) **[kan]** by die **[Hoogste Hof van Appèl aanhangig gemaak word of, indien dit met ’n grondwetlike aangeleentheid verband hou, by die Konstitusionele Hof, alleenlik—**

***(a)* met verlof van die Appèlhof vir Mededinging; of**

***(b)* indien die Appèlhof vir Mededinging verlof weier, met verlof van die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof, na gelang van die geval]** Konstitusionele Hof met die verlof van die Konstitusionele Hof aanhangig gemaak word.”;

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Indien die Appèlhof vir Mededinging, wanneer verlof tot appèl geweier word, ’n kostebevel teen die applikant gegee het, kan die **[Hoogste Hof van Appèl of die]** Konstitusionele Hof daardie bevel wysig by verlening van verlof tot appèl.”; en

*(c)* deur subartikels (7) en (8) te skrap.

**Amendment of section 67 of Act 89 of 1998**

**37.** Section 67 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A complaint in respect of a *prohibited practice* that ceased more than three years before the complaint was initiated may not be **[initiated more than three years after the practice has ceased]** referred to the Competition Tribunal.".

**Amendment of section 74 of Act 89 of 1998, as amended by section 13 of Act 1 of 2009**

**38.** Section 74 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* in any other case, to a fine not exceeding **[R2 000-00]** R10 000-00 or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both a fine and imprisonment.".

**Amendment of section 78 of Act 89 of 1998**

**39.** The following section is hereby substituted for section 78 of the principal Act:

"(1) The *Minister*, by notice in the *Gazette*, may make *regulations* that are required to give effect to the purposes of *this Act*.

(2) Before making the *regulations* referred to in sections 4, 5, 8, and 9, the *Minister* must consult the Competition Commission and publish a notice in the *Gazette*—

*(a)* stating that draft regulations have been prepared;
*(b)* specifying the place, which may include a website, where a copy of the draft regulations may be obtained;
*(c)* inviting interested parties to submit written comments on the draft regulations within a reasonable period; and
*(d)* consider any comments submitted within the period contemplated in paragraph *(c)*.".

**Amendment of section 79 of Act 89 of 1998**

**40.** The following section is hereby substituted for section 79 of the principal Act:

"**Guidelines**

**79.** (1) The Competition Commission may prepare, amend, replace and issue guidelines to indicate the Commission's policy approach to any matter within its jurisdiction in terms of *this Act*.

(2) A guideline **[prepared in terms of]** referred to in subsection (1) **[—**
***(a)*]** must be published in the *Gazette***[; but**
***(b)*** **is not binding on the Competition Commission, the Competition Tribunal or the Competition Appeal Court in the exercise of their respective discretion, or their interpretation of *this Act*]**.

(3) Before the Competition Commission issues a guideline referred to in subsection (1), the Competition Commission must—

*(a)* publish a notice in the *Gazette*—
(i) stating that a draft guideline has been prepared;
(ii) stating the place, which may include the Competition Commission's website, where a copy of the draft guideline may be obtained; and
(iii) inviting interested parties to submit written representations on the draft guideline within a reasonable period; and
*(b)* consider any representations which were submitted within the period specified in the notice.

(4) A guideline referred to in subsection (1) is not binding, but any person interpreting or applying *this Act* must take it into account.".

**Wysiging van artikel 67 van Wet 89 van 1998**

**37.** Artikel 67 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Klagte met betrekking tot 'n *verbode praktyk* wat gestaak is drie jaar voor die klagte ingestel is, mag nie na **[meer as drie jaar nadat die praktyk opgehou het, ingestel word nie]** die Mededingingstribunaal verwys word nie.".

**Wysiging van artikel 74 van Wet 89 van 1998, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 1 van 2009**

**38.** Artikel 74 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* in enige ander geval, met 'n boete van hoogstens **[R2 000-00]** R10 000-00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide die boete en gevangenisstraf.".

**Wysiging van artikel 78 van Wet 89 van 1998**

**39.** Artikel 78 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"(1) Die *Minister* kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, *regulasies* uitvaardig wat nodig is om uitvoering te gee aan die oogmerke van *hierdie Wet*.

(2) Voordat *regulasies* bedoel in artikels 4, 5, 8 en 9 gemaak word, moet die *Minister* met die Mededingingskommissie oorleg pleeg en 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer—

*(a)* wat stel dat konsepregulasies voorberei is;

*(b)* wat die plek spesifiseer, wat 'n webwerf kan insluit, waar 'n afskrif van die konsepregulasies verkry kan word;

*(c)* wat belangstellende partye uitnooi om skriftelike kommentaar oor die konsepregulasies binne 'n redelike tydperk voor te lê; en

*(d)* enige kommentaar oorweeg wat binne die tydperk in paragraaf *(c)* bedoel, voorgelê is.".

**Wysiging van artikel 79 van Wet 89 van 1998**

**40.** Artikel 79 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Riglyne**

**79.** (1) Die Mededingingskommissie kan riglyne voorberei, wysig, vervang en uitreik om aan te dui wat die Kommissie se beleidsbenadering is tot enige aangeleentheid binne sy regsbevoegdheid ingevolge *hierdie Wet*.

(2) 'n Riglyn **[voorberei ingevolge]** in subartikel (1) bedoel**[—**

***(a)*]** moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word**[; maar**

***(b)* is nie bindend op die Mededingingskommissie, die Mededingingstribunaal of die Appèlhof vir Mededinging in die uitoefening van hul onderskeie diskresies of hul uitleg van *hierdie Wet* nie]**.

(3) Voordat die Mededingingskommissie 'n riglyn bedoel in subartikel (1), uitreik, moet die Mededingingskommissie—

*(a)* 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer—

(i) wat stel dat 'n konsepriglyn voorberei is;

(ii) wat die plek, wat die Mededingingskommissie se webwerf kan insluit, aandui waar 'n afskrif van die konsepriglyn beskikbaar is; en

(iii) waarin 'n oproep op belanghebbende partye gedoen word om skriftelike vertoë oor die konsepriglyn binne 'n redelike tydperk voor te lê; en

*(b)* enige vertoë oorweeg wat binne die tydperk in die kennisgewing gespesifiseer, voorgelê is.

(4) 'n Riglyn in subartikel (1) bedoel is nie bindend nie, maar enige persoon wat *hierdie Wet* uitlê of toepas, moet dit in aanmerking neem.".

**Insertion of section 79A in Act 89 of 1998**

**41.** The following section is hereby inserted after section 79 of the principal Act:

"**Advisory opinions of Commission**

**79A.** The *Minister* may, after consultation with the Competition Commission, issue *regulations* to provide for non-binding advisory opinions to be issued by the Competition Commission, including the fees payable in respect of a non-binding opinion.".

**Amendment of section 82 of Act 89 of 1998**

**42.** Section 82 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"A *regulatory authority* which, in terms of any *public regulation*, has jurisdiction in respect of conduct regulated in terms of Chapter 2 or 3 or on matters set out in Chapter 4A within a particular sector—".

**Amendment of section 83 of Act 89 of 1998**

**43.** Section 83 of the principal Act is hereby amended by the addition after subsection (2) of the following subsection:

"(3) Until a leniency policy referred to in section 49E is published in the *Gazette*, the leniency policy published in Government *Gazette* No. 31064 (GN 628 of 23 May 2008), and amended in Government *Gazette* No. 35139 (GN 212 of 16 March 2012), remains in effect.".

**Substitution of certain expression in Act 89 of 1998**

**44.** The principal Act is hereby amended by the substitution for the expression *"excessive price"*, wherever it occurs, of the expression "excessive price".

**Amendment of Arrangement of Sections of Act 89 of 1998**

**45.** The Arrangement of Sections of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for item 9 of the following item:
"9. Price discrimination by dominant firm as seller prohibited";

*(b)* by the substitution for item 15 of the following item:
"15. Revocation of merger approval and enforcement of merger conditions";

*(c)* by the insertion after item 18 of the following item:
"18A. Intervention in merger proceedings involving *foreign acquiring firm*";

*(d)* by the insertion after item 21 of the following item:
"21A. Impact Studies";

*(e)* by the substitution for item 43B of the following item:
"43B. Initiating and conducting market inquiries";

*(f)* by the substitution for item 43C of the following item:
"43C. Matters to be decided at market inquiry";

*(g)* by the insertion after item 43C of the following items:
"43D. Duty to remedy adverse effects on competition
43E. Outcome of market inquiry
43F. Appeals against decisions made under this Chapter
43G. Participation in and representations to market inquiry";

*(h)* by the insertion after item 49D of the following item:
"49E. Leniency"; and

*(i)* by the insertion after item 79 of the following item:
"79A. Advisory opinions of Commission".

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**Invoeging van artikel 79A in Wet 89 van 1998**

**41.** Die volgende artikel word hierby ná artikel 79 van die Hoofwet ingevoeg:

"**Adviserende opinies van Kommissie**

**79A.** Die *Minister* kan, ná oorleg met die Mededingingskommissie, *regulasies* uitvaardig om voorsiening te maak vir niebindende adviserende opinies wat deur die Mededingingskommissie uitgereik staan te word, met inbegrip van die gelde betaalbaar ten opsigte van 'n niebindende opinie.".

**Wysiging van artikel 82 van Wet 89 van 1998**

**42.** Artikel 82 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n *Regulerende owerheid* wat, ingevolge enige openbare *regulasie*, regsbevoegdheid het ten aansien van optrede wat ingevolge Hoofstuk 2 of 3 gereguleer word, of ten aansien van aangeleenthede in Hoofstuk 4A uiteengesit, binne 'n bepaalde sektor—".

**Wysiging van artikel 83 van Wet 89 van 1998**

**43.** Artikel 83 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel ná subartikel (2) in te voeg:

"(3) Totdat 'n toegeeflikheidsbeleid in artikel 49E bedoel in die *Staatskoerant* gepubliseer word, bly die toegeeflikheidsbeleid gepubliseer in *Staatskoerant* No. 31064 (GN 628 van 23 Mei 2008) en gewysig in *Staatskoerant* No. 35139 (GN 212 van 16 Maart 2012), van krag.".

**Vervanging van sekere uitdrukking in Wet 89 van 1998**

**44.** Die Hoofwet word gewysig deur die uitdrukking *"buitensporige prys"* waar dit ook al voorkom, te vervang deur die uitdrukking "buitensporige prys".

**Wysiging van Indeling van Artikels van Wet 89 van 1998**

**45.** Die Indeling van Artikels van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur item 9 deur die volgende item te vervang:
"9. Verbod op prysdiskriminasie deur dominante firma as verkoper";

*(b)* deur item 15 deur die volgende item te vervang:
"15. Intrekking van samesmeltingsgoedkeuring en afdwinging van samesmeltingsvoorwaardes";

*(c)* deur die volgende item ná item 18 in te voeg:
"18A. Ingryping in samesmeltingsverrigtinge waarby *vreemde verkrygende firma* betrokke is";

*(d)* deur die volgende item ná item 21 in te voeg:
"21A. Impakstudies";

*(e)* deur item 43B deur die volgende item te vervang:
"43B. Inisiëring en doen van markondersoeke";

*(f)* deur item 43C deur die volgende item te vervang:
"43C. Aangeleenthede wat by markondersoek beslis staan te word";

*(g)* deur die volgende items ná item 43C in te voeg:
"43D. Plig om nadelige uitwerking op mededinging te remedieer
43E. Resultaat van markondersoek
43F. Appèlle teen beslissings kragtens hierdie Hoofstuk gevel
43G. Deelname en vertoë aan markondersoek";

*(h)* deur die volgende item ná item 49D in te voeg:
"49E. Toegeeflikheid"; en

*(i)* deur die volgende item ná item 79 in te voeg:
"79A. Adviserende opinies van Kommissie".

**Short title and commencement**

**46.** This Act is called the Competition Amendment Act, 2018, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**44.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Mededinging, 2018, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**